# DIE PASTORAAL-PSIGOLOGIESE BENADERING VAN DIE JEUG.

PROF. DR. W. J. DE KLERK

Daar bestaan 'n neiging om jeugtyd as lydenstyd voor te hou — probleme, spanninge, frustrasies, twyfel van die jeugjare word so opgeblaas dat die heerlike opwinding en die grote openbaring van die lewe, wat so tipies is van dié tyd, verbygekyk word. Elke jeugdiger verkeer nie per se in 'n krisis nie. Die jeugjare hoef nie gekompliseerd en verward en soekend te wees nie.

Die jeug is maar een van die vreugdevolle en smartvolle eksistensie-situasies van menswees. Elke leeftydsfase lewer sy vervulling en sy pyn, want die mens is 'n vrolike, skeppende wese, maar ook 'n gebroke worstelaar wat blootgestel is aan 'n geskonde werklikheid.

Ek wil die intuïtiewe stelling waag — en derhalwe 'n ongemotiveerde stelling, dat die jeugpastoraat in kerklike kringe nie altyd die aandag ontvang wat dit toekom nie. Daar is verskillende „versagtende omstandighede" vir hierdie toedrag van sake: die pastor wat meer gesinsgerig is in sy bearbeiding en kwalik individuele bearbeiding kan bolwerk, behalwe in uitsonderingsgevalle, want sy program as dominee is oorlaai; die „ontwykende" inhoud van die jeugleeftyd: uithuisigheid, tydelikheid van verblyf op universiteit, die militêre kamp, die woonstel; die relatiewe geslotenheid van die jeug — 'n skynbare soort afsydigheid wat pastorale ontmoetings baie kompliseer.

En tog kan ons hulle nie aan hulleself oorlaat nie. Hierdie jeugdiges is so diep afhanklik, in 'n sekere sin weerloos en uitgelewer aan baie magte in hulle en buite hulle. Om jonk te wees is om oop-vragend antwoorde te soek oor fundamentele kwessies. Daarom die jeugpastoraat.

Die doeltreffende jeugpastoraat moet fokus op die volgende:

Die jeugprofiel.
Die jeugproblematiek.
Die jeugweerstande.
Die jeuggroep.

## JEUGPROFIEL

Die uitgangspunte vir die profiel wat ek wil teken is die volgende: Die fokus word gerig op die jeugdige tussen 15 en 25

jaar, want dit is die beslissende tyd in die rypingsproses omdat die ordening vir volwassenheid nou plaasvind. Die kind lewer eenvoudiger pastorale probleme. Die tienderjarige en adolessent vra meer kundigheid van ons.

Verder — alhoewel kultuurpatrone, opvoedingsagtergronde, lewensbeskoulike invloede en sosiologiese verbande 'n deurslaggewende rol speel in jeugvorming, bly daar 'n min of meer gemeenskaplike profiel by alle jeugdiges. Die menslike geslag is tegelyk 'n eenheid en 'n verskeidenheid. Die Afrikanerjeugdige is 'n ander mens as die Amerikaanse jeugdige en die Christelike jeug 'n ander as die kerklose.

En tog bly jeugprobleme variasies op 'n paar sentrale temas. Die gemeenskaplike, soos geopenbaar by ons eie jeug, nie provos, anargiste en happeners nie — ook nie bittereinders en handhawers nie — Tussengroep — sal my profiel kenmerk.

Die derde uitgangspunt — die jeugprofiel is agtergrondstudie vir die jeugpastoraat en sal daarom alleen kursories-stellend opgesom word, sonder uitvoerige beredenering.

Onderskeiding word gemaak tussen die leeftydsprofiel en die tydsprofiel. Onder eersgenoemde word verstaan die tipiese trekke van diê besondere leeftyd en onder laasgenoemde die invloed van ons tydsgees op die jeug se gedragspatrone.

**Die leeftydsprofiel.**

1. **Die ontwaking van die selfbewussyn.** Die jeugdige is selfgesentreerd in sy selfontdekking en selfbepaling. Die innerlike ordeningsproses verloop in twee fases wat met mekaar vervleg is: 'n duidelike konsepsie van die self word gevorm en die betrekking van die self tot die omringende wêreld ontvang die klem. Die jeugdige is dus sterk na binne gerig — hy is egosentries en hy word gepla deur 'n gevoel van disoriëntasie waarvoor hy wil kompenseer met 'n houding van lompe selfversekerheid. Aan die ander kant is hy na buite gerig, maar nie in objektiewe sin nie. Sy ek bly die middelpunt in al sy buitebetrekkinge. Selfkonsentrering ontvang die klem — 'n oorspanne selfbelangstelling.[1])

2. **Die emansipasiesug om maatskaplike en geestelike selfstandigheid en onafhanklikheid te bereik.**

   Die jeugdige wil na sy insig lewe en doen wat hy sin in het.

1. Vgl. Waterink, J. Puberteit, Wageningen, Zomer en Keuning, 1955; Wijngaarden, H. R. Gesprekken met uzelf. Utrecht, Bijleveld, 1959 p. 150 - 151,

Maar die ware vryheid in gebondheid het hy nog nie bemeester nie. Hierdie strewe betrek alle kringe : gesinsverhoudinge, ander gesagsverhoudinge, ontspanning, houdings, standpunte. In alles is daar die drang na selfstandigheid en die frustrasie wanneer hierdie selfstandigheid versper word deur gesag van sy meerderes. Deur die groei in vryheid en selfstandigheid doen die jeug die ervaring van eensaamheid op, want die deelname aan die psigiese lewe van sy ouers verslap. Die ontwikkelende vermoë tot selfbeskouing en selfkritiek gee ook aanleiding tot eensaamheidsgevoelens.[2])

3. **Emosionele onewewigtighede.**

Die selfontdekking, selfbepaling en emansipasie bring mee dat die jeugdige vastheid en veiligheid verloor. Dit bring onsekerheidsgevoelens wat op sy beurt weer die behoefte aan steun laat ontstaan. Toegewing aan hierdie behoefte bedreig weer die eie selfstandigheid. Hy kan homself, sy eie houding en optredes nie goed hanteer nie. Dit gee aanleiding tot gevoelens van ambivalensie (tweeslagtigheid), onvergenoegdheid, prikkelbaarheid, angs en aggressie, 'n verstewiging van die eie ek ten koste van ander, absolutisme en apatie ensovoorts.[3]) Die gevoel van teensin teen baie dinge, oorspoel hom dikwels.

4. **Identifikasie met ouderdomsgroep.**

Namate die afhanklikheid van die ouers afneem, spits die jeugdige hom toe op ander, veral sy leeftydsgroep. Hierdie afhanklikheid kan die afmetings van 'n slaafse konformiteit aanneem met betrekking tot die kleredrag, die manier van praat, houdings teenoor geslagsake, gelyksoortige belange en aspirasies. Sosiale aanvaarding deur sy groep het hoë prestige waarde. Gewildheid word die rigsnoer. Sukses of mislukking gemeet aan hierdie standaarde. Dit is belangrik om te besef dat om anders te wees as die ander lede van die groep iets is wat hy moeilik verwerk. "The peer group becomes the measure of all things; the individual has few defences the group cannot batter down."[4])

---

2. Wijngaarden, opc:t. p. 151, Van Stegeren, W. F.: Groei naar volwassenheid, Wageningen, Zomer en Keuning, 1966. p. 151 - 152. Allwohn, A. Het genezende woord. Nijkerk, Callenbach, 1959 p. 45 - 47.
3. Vgl. bostaande drie werke waar die emosionele onewewigtigheid oral versprei in die werke, aangestip word.
4. Riesman : The lonely crowd, New York, Anchor books, 1953, p. 103. Vgl. in dié verband Beets, N.: Volwassen worden, Utrecht, Bijleveld, 1961, p. 209 - 220.

5. **Die ontwerp van 'n lewensplan.**

Die vorming van selfstandige insigte en waardes is nou op die agenda. Daar word gesoek na insig in 'n rigtinggewende sisteem van norme en doelstellings op alle terreine- die godsdiens, sede, samelewing ensovoorts. Die dink- en leefpatrone van die ouers word nie sonder meer aanvaar nie. Dit gee aanleiding tot 'n kritiese instelling teenoor die tradisie, 'n bevraagtekeningswoede wat soms grens aan twyfelsug, allerlei denkbeeldige probleme wat opgewerp word, gewetensbesware oor verskillende dinge, opstandigheid en die drang na egtheid. Dit is die vrees vir fariseïsme, die „hervormingshartstog" wat soms radikaal en ongebalanseerd tot openbaring kom. Felle realisme en onbegrensde idealisme wissel mekaar af. Sy skynbare onverskilligheid is dikwels die negatiewe uitdrukking van verlange na antwoorde en riglyne.

Dit is van belang om daarop te let dat die insigte wat gedurende hierdie tyd verwerf word, dikwels finale beslag kry en daarom die persoon vir die res van sy lewe rig.[5]) Hiermee hang saam dat die jeug lugkastele bou met die geneigdheid om te identifiseer met 'n fiktiewe heldfiguur of 'n werklik geidealiseerde persoon. Die gryp na die dikwels onmoontlike in hierdie dagdromery openbaar die groeiende bewuswording by die jeug om hulle vir iets te gee met geesdrif en toewyding.

6. **Aktualiteite vir die jeug.**

Hieronder word verstaan die verskillende fokusgebiede wat vir die jeuglewe primêr is.

**Plesier** is 'n baie sterk motivering by die jeug. Dit sluit 'n veelheid van dinge in — die vulling van vrye tyd met aktiwiteite wat genot verskaf is die sentrale gedagte. Dit vind individueel en gesamentlik plaas, georganiseerd en ongeorganiseerd. Spel en ontspanning neem minstens net so 'n belangrike plek in as die arbeid. Daardeur word die geleentheid geskep vir aksie, selfekspressie en die heropbou en herstel van energie. Hierdie fokus van die jeuglewe moet nie laag geskat word nie. Dit het 'n besondere emosionele, sosiale en integratiewe waarde vir die jeug. Dit geld ook die nie kreatiewe ontspanning soos leeglê, en ure na ligte musiek luister. Dit is onteenseglik 'n deel van die jeuglewe.[6])

---

5. Vgl. die analises van Malm, M.: Adolescence. McGraw Hill, 1952, p. 18 e.v.; C. D. Saal, in Jeugd en Samenleving I, 'Gravehage, Nijgh en Van Ditmar, 1964, p. 37 e.v.
6. Vgl. Beets, **op. cit.** p. 188 - 209.

**Vriendskap** is 'n volgende aktualiteit. Die jeug wil aanvaar word binne 'n groepsverband. Hulle soek na binding met 'n geselekteerde vriendekring. Die neiging van die vroeë puberteit om alleen op te gaan in een vriend of vriendin, verdwyn in die latere fases — verskillende verhoudinge word onderhou. Daar word hoë eise aan vriendskap gestel.

**Voorkoms** is vir die jeug van lewensbelang. Daarom is modebewustheid aan die orde van die dag — kleredrag, haarstyl ensovoorts.

Aantreklikheid word nou gekoppel aan liggaamlikheid en daar is 'n soms pynlike bewustheid van die eie liggaam. Die liggaamsgebondenheid word as 'n primêre belewing van jeugdigheid beskou.[7])

**Die seksule** speel 'n oorheersende rol in die jeugdige se gemoed en is een van die vernaamste bronne van konflik.

**Die toekomstige loopbaan** neem 'n besondere plek by die jeug is. Dit sluit veral die voorbereiding vir die loopbaan in, w.o. onderwys en beroepskeuse.

Hierdie kursoriese leeftydsprofiel behoort voldoende te wees om meer begrip te verkry vir die jeugpastoraat, want sonder insig in die psigiese dinamika en belangstellingsfere van die jeug, sal die jeugpastoraat nie uitgroei tot 'n kommunikatiewe verhouding met die jongmense nie.

**Die tydsprofiel.**

Die jeugdige staan midde in die kragtekompleks van die twintigste eeu. Bewus of onbewus word hy beïnvloed. Daarom openbaar die jongmens van vandag sekere trekke wat tipies is van ons tyd. Alleen teen dié agtergrond kan ons hom begryp. Die volgende word in hierdie verband vasgestel: [8])

7. **Ibid.** p. 217.
8. Vgl. in dié verband die bevindinge van Schelsky. Die Skeptische Generation, Düsseldorf 1958; Bednarik: De jonge arbeider van deze tyd, Utrecht, Bijleveld 1957; Goudsblom: Die nieuwe volwassenen. Een enquête onder jongeren van 18 - 30 jaar, Amsterdam, Querido, 1959; Saal in Jeugd en Samenleving 1; Beets **op. cit.**
Verskillende denkers gee o.a. die volgende inhoud aan die kultuurkrisis van vandag.
Die Tegnisisme en Industrialisme bring massafikasie wat uitloop op atomisme, anonimiteit en vereensaming van die funksionele mens, wat in die kollektiwiteit opgaan, en so ontwikkel tot die gedesintegreerde mens wat die oriëntasie mis en hom uitstort in die momentlewe.
Die Ekonomisme wat die pragmatiese en materialistiewe waarde oorspan.
Die Burokratisme, as die dwang van organisasies, ook inmenging van die

1. **Die sintuiglike instelling.**

Lewensnajaging het die doelpunt van die moderne mens geword. Lewe word dan verstaan as die onmiddellike verbondenheid met die sigbare en tasbare wêreld soos die situasie dit gee. Lewe is deelneming aan en eenwording met die sinnelike. Daarom het liggaamlikheid so 'n besondere klem in die gerigtheid op maksimale genot en behoeftebevrediging.

Hierdie instelling werk deur by ons jeug en word soos volg geopenbaar:

Oorbeklemtoning van die seksuele in die vernugterde sfeer van genotspel; die klem op die momentele wat die lewe saambundel in die moment, sonder noemenswaardige vooruitsien en terugblik. 'n Bestaan van die deurleefde oomblik wat lei tot onverskilligheid en gelatenheid, of tot vitale uitlewing in lawaai en eksplosiewe en aggressiewe gedrag; die najaging van intensiteitsbelewinge wat soek na geselligheid en vlug vir gebondenheid.

2. **Die vryheidsoorspanning.**

Daar is 'n verskuiwing van die patriargaaloutoritêre lewenspatroon na 'n meer kameraadskaplike verhouding tussen die jeug en hulle meerderes, w.o. die ouers. Hierdie vryheidsoorspanninge verskerp die gesagskonflik van die jeug, terwyl die gesagsleiding in die moderne gesin steeds verskraal. Die afwesige vader, die uithuisige moeder in die nuwe sosiale patroon, die versnipperde gesinslewe, die verslapping van tradisioneel-christelike lewenspatrone — dit alles dra by tot die vorming van 'n ongedisiplineerde jeug vandag.

3. Die **konkretisme** van ons tyd vind sy neerslag by die jeug in die houding wat meer eerbied inhou vir prestasie as vir deug; vir die daad as vir beskoulikheid; vir de empirie as vir die prinsipe. Daar is 'n instelling alleen op die voor-die-hand-liggende en bereikbare, gedra deur 'n direkte lewensgevoel. Die

---

versosialiseerde staat. Alles loop uit op 'n organokrasie.
Die Internasionalisme met sy bedreiging van identiteit en veiligheid in die gelykmakingsproses en kernoorlog.
Die Sintuiglikheid as lewensmotief waarvan die seksualisme van die 20e een die klimaks is.
Die Sekularisme as resultaat van al die tendense. Die ontwikkeling is horisontalisme, gedra deur die filosofie van die eksistensialistiese nihilisme.
Die totaliteitstrukture van die samelewing bevind hulle in 'n proses van ontbinding. Die krisis word voltrek in gesin en maatskappy, wetenskap en kuns, filosofie en godsdiens, politiek en ekonomie, sedes en gewoontes.
Vgl. vir deurdringende analises van ons kultuurkrisis: Banning, W.: Machten en mensen, Haarlem, De Ervan F. Boh, 1959: Huizinga, J.: Geschonden wêreld, Haarlem, Tjeenk Willink, 1945; Mannheim, K.: Diagnosis of our time, London, Kegan Paul, 1954; Polak, F. L.: De toekomst is verleden tijd, Utrecht, De Haan, 1959, ensovoorts.

skema en die sisteem word vervang met die gerigtheid op die hier-en-nou.

4. Die **kritiese instelling** teenoor idealisme is 'n volgende kenmerk van die moderne jeug. Maklik word idealisme gestempel as grote, holle woorde. Skeptisime en twyfel neem toe en daarmee saam 'n blasé-lewenshouding en die twyfel aan ou aanvaarde uitgangspunte.

5. **Die disassosiasie.** Die moderne instelling van disassosiasie het deurgewerk by die jeug se "outsider" instelling. Daar is 'n breuk met die strak organisatoriese en 'n neiging om in kleiner informele kring gemeenskap te bou. Daar is 'n passiwiteit by ons jeug wat verder gestimuleer word deur die massakommunikasiemiddels. Dit is vandag uiters moeilik om die jeug intensief geínteresseerd te kry in enigiets en hulle entoesiasme op te wek om tot aksie oor te gaan.

6. Die **pessimisme** as ondertoon van die 20e eeu vind ons ook by ons jeug terug. Die saaklik-koue-nugtere oordeel oor die werklikheid; die houvasloosheid by die verlies aan steunpunte; die verwarring oor norme en waardes; die belewing van die lewe as 'n lot; die vereensaming en terugtrekking.

7. Die **konformisme** van ons tyd met die wêreldse het ook sy stempel op ons jeug gelaat. Die antitese tussen die Christelike en nie-Christelike lewensstyl vervaag. Die horisontale verdring die vertikale, die materiële die geestelike.

Van Riessen gee dié mooi saamvatting: in ons kringe tref ons aan: 'n groeiende twyfel aan die gereformeerde saak: geestelike verwarring op nagenoeg elke punt; diepgaande verskil oor die koers wat gevolg moet word, wat geopenbaar word in die keuse vir vernuwing of vir die tradisie; 'n devaluasie van beginsels en 'n oormag van die feitelikheid as gevolg van die moeite om beginsels en praktyk op mekaar af te stem; voorts 'n verfynde relatiwisme; 'n op die agtergrondtreding van die Bybel in die lewe van die mense; 'n groeiende onmondigheid; 'n verstrooiing in die veelheid, 'n kapitulasie voor die drukte, 'n beset wees met die welvaart.[9])

Dit is die leeftyds- en tydsprofiel van die jeug teenoor wie ons as herders en versorgers 'n taak het. In die uitvoering van ons taak sal ons moet aansluit by hierdie profiel en die jeugproblematiek duidelik vir onsself in kaart moet bring.

---

9. Van Riessen, Ir. H.: Kerk en jeugwerk, Kampen, Kok, 1960, p. 19.

## JEUGPROBLEMATIEK.

Op grond van die behandelde tipiese jeugtendensies, word die jeugjare oor die algemeen gekenmerk deur die volgende probleme.

1. **Die gesagsproblematiek.**

Ouerbotsings is die mees algemene. Dit brei egter ook uit na ander gesagsfigure w.o. die onderwyser, die leier op een of ander terrein en ander gesagsimbole.

Die gesagsprobleme wissel van 'n innerlike opstand, die gewone verskil, verset, rusie, brutaliteit, vervreemding. Dit sentreer rondom sy eis vir onafhanklikheid en die teenstand daarteen; sy afkeer van metodes van dissipline wat hom kinderagtig laat voel; sy ander lewensbeeld as dié van die volwassene — die generasiekonflik.

In die verhoudingsituasie van die gesin veroorsaak hierdie gesagsbotsings baie pyn. Tussen ouers en jeugdiges kom 'n wanbegrip. Die gevolg is dat baie jeugdiges worstel met ambivalente gevoelens teenoor hulle ouers. Die haatgevoelens wat hulle koester lei tot skuldgevoelens, onvergenoegdheid en die algemene gevoel van frustrasie.

Die ontwrigte ouerverhoudings is 'n groot bron van kommer vir die jeugdige, al wend hy baie pogings aan om dit te verdring. Pastorale sorg vereies in hierdie gevalle eerstens 'n gesprek met die ouers, langs die volgende lyne:

(a) Die benadering van die ouers. Die ouers sal, ter wille van die noodsaaklike gesinsfunksie in die lewe van die jeugdige, die volgende moet verwerklik. Die ewewigsbenadering tussen die noodsaaklike onttrekking van die jeugdige terwille van selfstandigwording en die noodsaaklike gesinsbinding ter wille van die verdere vorming van die jeugdige. Die jeugdige het behoefte aan selfstandigheid en gebondenheid, groepsidentifikasie en oueridentifikasie, buiteaktiwiteite en gesins-aktiwiteite. Daar moet dus loslating en intrekking van die jeugdige wees. Loslating ter wille van die groei na volwassenheid, ter wille van die selfbepaling, ter wille van die ontwikkeling van verantwoordelike vryheidsgebruik en terwille van die selfstandigheid van eie oordeel. Intrekking ter wille van die afhanklikheid van die jeugdige van leiding, liefdesgemeenskap, emosionele blans, geborgenheid en normering. Die ouer sal steeds bewus moet wees van die feit dat hy God se gesag verteenwoordig. En daarom is dit die ouer se verantwoordelikheid dat sy kind God in hom sal sien, God se reg en orde, maar ook God se deernis en vergewing. Die ouer moet die jeugdige nie moedeloos maak met gesagsmisbruik nie.

(b) Die ouer moet die gesinsonderneming verhoog. Die gesin in sy geheel moet meer dinge onderneem bv. gesinsvakansies, gesinsstokperdjie, gesins-sport, gesinsaande, werkverdeling binne die gesin ens.

So word gesinstradisie gebou en gesinskommunikasie bevorder. Die jeugdige moet nie geheel en al of te veel deur die gesin opgeëis word nie, maar ook nie geheel en al of teveel van die gesin geïsoleer word nie. Hieronder kan belangrikheid van die gesinsgodsdiens ook bespreek word.

(c) Die motivering van gesag. Die ouer moet weet dat 'n houding in die trant van: „vader sê dit en daarmee uit", seker in hierdie periode volledig verkeerd is. So 'n optrede getuig van 'n gemis aan respek vir die kind. Die ouer moet sy gesagsreëlings altyd vir die kind motiveer, sodat hy insig kan verwerf in die noodsaaklikheid van die reëling.

**Die gesprek met die jeugdige moet gevoer word langs die volgende lyne.**

(a) Die noodsaaklikheid van ouerlike gesag as Godgegewe gesag, liefdesgesag wat wil dien, gesag wat gehoorsaamheid kan opeis.

(b) Dit is en bly gebrekkige gesag. Daar moet geduld beoefen word met die swakhede, beperkinge en foutiewe beslissings van die ouer. Die ouers moet dus deur die jeugdige aanvaar word.

(c) Aanvaarding van sy situasie. Dat hy op pad is na volwassenheid: dat hy prikkelbaar is; dat hy dikwels rede het om te voel dat hy nie reg behandel word nie. Sy taak is om in sy situasie verantwoordelik op te tree, want daardeur bewys hy reeds sy volwassenheid.

(d) Moet hom nie met die sesde gebod doodslaan nie. Hanteer die sesde gebod so, dat hy tot insig kom.

2. **Die godsdiensproblematiek.** Op hierdie terrein is daar veral drie probleemterreine: aanvaarding, belewing en teleurstelling. As onderdeel van sy soeke na 'n formulering van 'n lewensfilosofie, sy kritiese instelling, sy beïnvloeding deur die gesekulariseerde klimaat van ons moderne wêreld, **aanvaar** die jeugdige gevestigde opvattings nie meer so maklik nie. Van gewone bevraagtekening, kritiese besinning tot ligte of felle twyfel kom voor. In die twyfel reageer hy absolutisties, wat soms die indruk gee dat hy sekere standpunte finaal verwerp. Sentrale leerstellings van die Christendom kom hier dikwels onder skoot: die bestaan van God; die skeppings-

geskiedenis; die waarheid en gesag van die Bybel; die Godheid van Christus; die eskatologie w.o. hemel en hel as ruimtelike entiteite; God se wêreldbestuur wat sentreer rondom die vraag of God regverdig is en liefde is, as die stelling gekontrasteer word met die ellende van die werklikheid; gebedsverhoring — dis volgens my ervaring die belangrikste twyfelgebiede. Die probleem van die verskeurdheid van die kerk kom ook dikwels voor. „Ek is tog maar in die kerk van my ouers en 'n Mohammedaan volgens sy opvoeding, in sy ouers se kerk. Hoe kan ek sê my kerk is reg en syne verkeerd? Dat ek hemel toe gaan en hy hel toe?"

Die volgende is die jeugdige se **belewing** van die godsdiens wat vir hom ernstige probleme oplewer. Sy godsdiensbelewing skommel saam met sy emosionele onewewigtigheid. Sy neiging tot konkreetheid bring distansie t.o.v. die abstrakte in die godsdiens — die sintuiglike hier-en-nou is afwesig, met gevolg dat hy 'n verskraalde belewing van God ervaar. Hy wil 'n "kick" kry uit Bybellees, gebed, nagmaal en erediens. Hy is ingestel op intensiteitsbelewinge- en die godsdiens ontroer hom na sy sin te min.

Dit alles lei tot skuldgevoelens wat verskerp word deur sy liggaamskonsentrasie gedurende hierdie leeftyd, sy seksuele wensdinkery en praktyke soos selfbevlekking, sy gevoelens van opstand teen sy ouers ensovoorts. Hy is sterk gerig op die wêreld en hy begeer die grootsheid van die lewe- en dit gee hom 'n gevoel van in konflik te leef met God.

Die gevolge hiervan is : of godsdienstige apatie of intense skuldgevoelens wat lei tot geloofsonsekerheid en gevoelens van Godverlatenheid.

Verder is daar 'n besondere doodsvrees gedurende die jeugjare. Die dood bring 'n belewing van verset, gegrond op die kenmerkende sterk lewensverlange en opstand teen belemmerde magte.[10]) Dit gee die konflik met die Christelike dogma van die dood as deurgang tot die lewe. In sommige kringe word gesê dat ons moet uitsien na die dood om altyd by die Here te wees en dat doodsvrees sonde is. Die jeugdige wil lewe — nou en hier. Die gedagte aan die ewige lewe gee vir hom angs. En dit weer gee op sy beurt skuldgevoelens — hy voel daar is iets groots met sy godsdiens verkeerd. Die derde terrein is die van teleurstelling. Die jeugdige is konkreet en

10. Vgl. Magy, Maria H.: The childs view of death (In the meaning of death), New York, McGray Hill, 1959 p. 79 - 98. Faber: Pastoraal-psychologische opstellen, 'Gravenhage, Boekencentrum, 1961, p. 35 - 36.

'n absolutis. En nou „werk" die dinge in die godsdiens nie vir hom nie. Daar gebeur te min. Die gaping tussen leer en lewe, belofte en vervulling is te groot. Kerkmense tree inkonsekwent op. Skynheiligheid, oordrewe vroomheid, gevoelloosheid, passiwiteit, lang kragtelose preke, afsydige dominees — alles irriteer die jongmens. Die grond daarvan is teleurstelling a.g.v. sy absolutistiese verwagtings. Daarby worstel baie jeugdiges met die gevoel dat die kerk te normatief en te eng is. Dat jeuglewe nie begryp word nie.

Dat die kerk 'n lewensdoder is.

Dit moet beklemtoon word dat alle jeugdiges nie in gelyke mate hierdie godsdiensprobleme ervaar nie. In 'n poging om dit te hanteer slaan sommige jeugdiges oor na 'n buitengewone godsdienstoespitsing wat soms grens aan dwepery en askese. Ook dit openbaar die gebrek aan ewewigtigheid. Hierdie godsdiensprobleme word nie maklik uitgespreek nie. Dit word of verdring of versteek.

Wat die pastorale sorg betref word die volgende uitsprake van Wijngaarden met instemming vry aangehaal.[11])

In die ontwikkeling van die religieuse belewinge van die jeug vind ons die trekke terug, wat ons ook n alleirlei ander opsigte by hierdie leeftydsfase aantref. Die begin van die puberteit word gekenmerk deur 'n afwesigheid van religieuse belangstelling. Die puber gaan na die kerk en na katkisasie omdat dit nou eenmaal gewoonte is, omdat dit so hoort, maar dit interesseer hom eintlik heel weinig. Op ongeveer sestienjarige leeftyd word die aandag meer gerig op die geestelike waardes. Dit is die tyd waarop die vele vrae en twyfel op religieuse gebied loskom. Dit moet ons nie ontstel nie, want die jeugdige is besig om sy eie geloof te ontdek. In hierdie proses kan hy deurslaan van die een uiterste na die ander; na diepe gevoelsontroering en 'n panteïstiese weltschmerz, vind ons ook strak logisistiese en dogmatistiese beredeneringe. Gedurende hierdie tydperk van godsdienstige skommelinge, moet nie te ingrypend te werk gegaan word nie. Dwang voer tot angs en nie tot geloof of eerbied nie. Religieuse opvoeding wil in die eerste plek sê, dat ons self ons eie geloof ernstig neem en in ons gewone lewe van elke dag uitlewe; die tweede plek dat ons met ons kinders moet meeleef, ook in die religieuse vrae en die twyfel van die puberteitsjare; dat ons daar dus nie bot- afwysend, verkleinerend of straffend teenoor staan nie, ook nie ons oortuiging aan hulle oplê nie,

---

11. Vgl. Wijngaarden, a.w. aangehaalwe werk p. 158 - 15-.

maar dat ons moet trag om hulle vrae saam met hulle tot die einde toe deur te dink en te praat. Ons moet die moed hê om die vrae wat ons kinders besig hou eerlik saam met hulle onder oë te sien en daarby ook eerlik uit te kom vir ons eie onsekerhede of onkunde. Hierdie uitspraak is van wesensbelang vir die jeugpastoraat. Soos vroeër geanaliseer, het dit duidelik geword dat die godsdiensproblematiek van die jeug veral lê op die vlak van twyfel, godsdienstige apatie, Godsvervreemding en gevoelens van Godverlatenheid. Die pastorale gesprek sal dus verdiep moet word rondom hierdie probleme.

**Die gesprek oor die twyfel.**

Daar is verskillende verskyningsvorme van die twyfel.
**Gesonde twyfel**: dit kom voor in die puberteit en in die groei na geloofsvolwassenheid. In die groeiproses is dit 'n deurgangsstadium na betere en diepere geloofsekerheid. Die pastorale optrede moet hier let op die volgende: die twyfel moet nie onderdruk word nie, want dit sal lei tot verstarring en afbreking van die geloof; die moed om te twyfel moet aangeprys word; die aard van die twyfel moet uitgelê word as normaal.

**Onnodige twyfel**: dit is die twyfel as gevolg van dwase voorstellings van dogmas en detailpunte van probleme. Die pastorale optrede: verkeerde voorstellinge moet weggeneem word; die samehang van die Skrifopenbaring moet verduidelik word; dat geloof nie afhanklik is van worstelinge met detail aspekte, moet gestel word; die feit van die misterie-element in die Skrif moet verduidelik word — as 'n vraagstuk nie opgelos kan word nie, wil dit nie sê dat daar geen oplossing voor is nie; dit moet duidelik gestel word dat daar 'n ergernis van die kruis bly.

**Ongesonde twyfel**: twyfel kan ook aangewend word as 'n afweermiddel en 'n skuilplek, of as 'n openbaring van 'n verdeelde hart. Indien die pastor besluit dat die oorsprong van die twyfel op hierdie terrein lê moet hy nie so seer op die twyfelvrae ingaan nie, maar deurtas na dit wat daaragter skuil. Twyfel wat meer objektief gerig is, kan deur middel van informasie en heropvoeding behandel word. Die meer subjektiewe twyfel, waaronder die gebrek aan geloofsekerheid, moet egter ook meer subjektief aangepak word.

Dit is belangrik dat ons die jeug moet wys op die aard van die geloof, geloof dan gesien vanaf die kant van die mens.

Die vraag word dikwels gestel: „Hoe weet ek dat ek glo". Dikwels wil die jeug hulle geloof meet aan innerlike belewing. Die pastorale gesprek moet hulle van hierdie dwaling bevry. Natuurlik is die geloofbelewing belangrik, maar ons kan tog nie beweer dat geloof en belewing gelykaanmekaar is nie, want ook jou geloof word beleef deur jou psigiese funksies en is daarom afhanklik van jou psigiese funksies.

Geloof is dus nie kwessie van verstand, of van gevoel, of van wil, of van waarneming. Geloof is 'n synswyse. Geloof is om in relasie met God te lewe. Ons gebrokenheid bring mee, dat ons geloofsbelewing nie onveranderlik is nie. Dit is afhanklik van ons leeftydsfase en ons omstandighede.

Ons moet die jeug realisme in hulle geloofslewe leer. Die jeug se neiging is om idealisties en perfeksionisties in verband met godsdiens te wees. Die feit van menslike gebrokenheid, wat altyd 'n skadu sal werp op die persoonlike geloofslewe en die van die kerk, moet by die jeug ingeskerp word.

Die skuldelement in die twyfel moet egter nooit verkleineer word nie. Die jeug moet ook besef dat twyfel ongehoorsaam-saamheid is, en dat dit daarom met gebed, worsteling, studie ens. oorwin moet word.

**Die gesprek oor skuld en skuldgevoelens.**

Volgens ons hele perspektief op die jeug, is dit duidelik dat skuld en skuldgevoelens 'n baie belangrike plek by die jeug inneem. Dit is belangrik om by die jeug goed te onderskei tussen vermeende skuld en werklike skuld. Alles wat nie onder God se oordeel val nie, is vermeende skuld. Hoe afhankliker ons van God se oordeel is, hoe onafhankliker van menslike oordeel en verder van vermeende skuld en nader aan die werklike skuldgevoel. Daar is baie vermeende skuld by die jeug, wat die pastor uit die weg moet ruim. Die mens leef nie sonder skuld nie. Dit is universeel. Maar as skuld verdring word of ontvlug word of nie erken word nie, lei dit tot opstand, vrees, afstomping van die gewete, 'n toenemende onmag om foute te erken en 'n toename van aggressiewe gevoelens. Skuld moet erken word, dan lei dit tot berou, tot die vrede en sekerheid van die vergewing van God en van daaruit tot die toenemende gevoeligheid van die gewete.

Daarom moet ons in die pastorale gesprek by die jeug die besef van werklike skuld bring sowel as die heerlike evangelie van skuldkwytskelding. By skuld moet die pastor waak teen moralisme. Dis pastor moet bedag wees op die weerstand

om die skuld van die sonde weg te werk, deur middel van: skuldverdringing, skuldprojektering, skuldveralgemenging en skuldaanvaarding sonder berou.

Die godsdienstige gesprek met die jeugdige het baie fasette. Voorgenoemde is alleen maar 'n paar modelle waarop nog baie uitgebrei kan word.

3. **Die sedeproblematiek**

Dit sentreer in die meeste gevalle rondom die gedragsnorme. Sekere reëls word vanuit die Christelike lewensbeskouing gemotiveer ten opsigte van byvoorbeeld ontspanning, kleredrag, haarstyl, seksuele verhoudingsvorming, sondagviering, uithuisigheid ensovoorts.

Die jeugdige worstel hier met die behorensnorm soos gestel deur sy ouers en andere en sy poging om te konformeer met sy gelykes in leeftyd. As „almal sus en so maak, waarom kan ek nie?" Wat dit verder kompliseer is die gebrek aan eenvormigheid van gedragsnorme onder volwassenes wat almal gelowiges is. Piet se pa het geen beswaar teen sondagpiekniek nie en Annie se ma laat haar toe om minirokkies te dra.

Ons moet hier onderskei tussen die suiwere normkonflik waar dit objektief gaan oor wat behoort en wat behoort nie en dié konflik waar dit ten diepste nie gaan oor die objektiewe norm nie, maar om die konflik tussen sy eis vir selfstandigheid en gevolglike afkeer van ouerdissipline.

Indien die normatiewe konflik van die jeug nie reg hanteer word nie, kan dit ontsporing en permanente skade veroorsaak in sover die jeugdige anormatief kan ontwikkel en vervreem van die Christelike lewensbeskouing by bereiking van volwassenheid. Deur verkeerde hantering kan die normekonflik ook só verskerp word dat dit kan lei tot kompleksvorming op psigiese vlak.
By die positiewe benadering wil ek die volgende stel:

1. Ons mag die **jeug in sy normekonflik nie aan homself oorlaat nie.** Maklik kan só geredeneer word: gesien die feit dat normekonflik ook maar deel van sy „stadium" is, moet hy maar self daaroor kom.

Dit is nié verantwoord nie, want: Ons is geroep tot leiding en begeleiding van die jeugdige vanuit die volwassenheid, ook wat sy normatiewe ordening betref. Dit is ons taak om hom te motiveer tot diens in en handhawing van die Christelike roeping, veral in die aanslag van die sekularisasie vandag.

Verder het die jeug self behoefte aan normatiewe riglyne. Sy skynbare onverskilligheid is dikwels die negatiewe uitdrukking van verlange na antwoorde op fundamentele. kwessies! Daar is by hom 'n diepe afhanklikheid — 'n oop vragende bestaanswyse.

Daarom moet ons in gesagsleiding, voorbeeld, gesprek en onderrig opsetlik fokus op normatiewe ordening.

2. Die jeug moet in sy normekonflik benader word met die volgende **basiese gesindhede**:

Die gesindheid van **invoeling**: dit is die meegaan in die belewingswêreld van die jeugdige, sodat daar inlewing is in sy innerlike oriënteringskema en selfverplasing in sy situasie.
Die gesindheid van **begrip**: dit is die begrype van sy normekonflik as onderdeel van sy leeftyd, die tydsgees, ensovoorts. Daar kan invoeling sonder begrip wees.

Die gesindheid van **aanvaarding**: dit is simpatieke begrip sonder verkleinering, moralisering ensovoorts, ten opsigte van sy normekonflik. Aanvaarding is nie goedkeuring nie.

Die gesindheid van **gemeenskaplikheid**: dit is die solidariteitsbenadering waarin ons hom as 'n waardige gespreksvennoot beskou in ons gemeenskaplike lewensproblematiek om saam antwoorde te vind en beslissinge te neem. Ons moet ons nie verhef bo die jeug in sy normeproblematiek nie.

3. **Positiewe leiding** in die normekonflik moet met die **volgende rekening hou**: In die oordrag van die norm kan van die volgende gebruik gemaak word — **Interpretasie** van die sin van ratio van die norm onder bespreking, sodat hy insig verwerf in die noodsaaklikheid en motivering vir die norm.

**Persuasie** ten opsigte van die norm onder bespreking. Dit is oorreding en appél.

**Agogie** ten opsigte van die norm onder bespreking. Dit is om hom te rig op die norm as ideaal.

**Korreksie** waarin teregwysende en vermanende leiding gegee word.

Hierdie korreksie moet altyd plaasvind in die sfeer van die liefde. Geen oordeel is so insnydend as die oordeel van die liefde nie. Dit moet skuldbesef van binne uitbring, want as die vermaning van buite skuld oplê sonder om innerlike skuld besef wakker te maak, het dit geen doel gedien nie.
Interpretasie van die sin van die norm is dus in alle gevalle die positiewe weg.

Daarom moet in die hantering van die normkonflik by die jeug gewaak word teen:

**Intellektualisme** waarin die norm oorgedra word sonder ontmoetende en toesprekende krag.

## J E U G W E E R S T A N D E

Nie alleen die inhoud van die jeugpastoraat moet op die kol gemik wees nie, maar ook die benadering van die jeug is van deurslaggewende belang. Die jeug het sy besliste reserwes teenoor sekere benaderingspatrone.

Die vraag wat ons hier moet probeer beantwoord is: hoe kan ons binnegelaat word; wat moet ons doen en wat moet ons nalaat as ons kommunikasie met die jeug wil opbou? Ons sal hierdie vraag tegelyk negatief en positief beantwoord. Jeugweerstande word hier as 'n wisselwerkingsbegrip gebruik: die jeug bou weerstande op teenoor sekere hanteringsmetodes en sekere hanteringsmetodes kan nie deurdring deur natuurlike weerstande wat die jeug in 'n pastorale kontak-situasie handhaaf nie.

1. **Die Jeug is geslote ten opsigte van hulle eie probleme.**

Die belangrikste oorsake vir hierdie geslotenheid kan soos volg aangestip word:

By die jeug bestaan 'n **sekere stereotipering** in verband met volwasse benadering. Daar word van die veralgemening uitgegaan dat die volwassene geen begrip van jeugprobleme het nie; dat die volwassene nie geduld het om daarna te luister nie; dat die volwassene sal moraliseer en vermaan in plaas van om te help. Hierdie veralgemening geld veral die predikantsfiguur wat as afsydig en „kwasi" bestempel word. Die vraag kan gestel word of volwasse gedrag nie aanleiding gegee het tot hierdie stereotipering nie. Ons kan dus die geslotenheid van die jeug in sover dit hulle persoonlike probleme betref, wyt aan volwasse optredes.

Verder is **selfbewustheid** by die jeug 'n versperring vir openhartige kommunikasie. **Vrees vir vernedering** speel 'n baie belangrike rol. Hulle sal nie waag om swakhede te openbaar as hulle nie goeie rede het om te glo dat dit veilig is nie. Die rede hiervoor is dat die jeug baie afhanklik is van die **gunstige indruk wat hulle op ander maak.** Dit weerhou hulle om hulleself te ontmasker. Die gevolg is dat die jeug alles sal doen om die **skyn te bewaar.**

Hierdie weerstand kan oorwin word deur die **regte hantering**

**van die jeug**, waardeur **vertroue gewen** sal word. Die belangrikste elemente van vertroue-wennende optrede is: belangstelling, genaakbaarheid, bekwaamheid, eerlikheid en betroubaarheid in sake van geheimhouding. Die jeug moet positiewe verwagting van die pastor hê. Ons kan die jeug nie ompraat om vertroue in ons te stel nie. Joviale uitnodigings sal nie vrugte afwerp nie. Ons moet die **vertroue verdien** deur volhardende en opregte openheid vir jeugproblematiek. Dit moet in al ons optredes (w.o. prediking) straal.

Dat die jeug 'n vertroueling buite die ouers moet hê, is absoluut noodsaaklik. Ouers en kinders is te veel betrokke by mekaar; hantering van probleme vind meer in die gesagsfeer plaas; kinders het 'n natuurlike teruggetrokkenheid teenoor ouers vanweë die afstand en die verleentheid wat ervaar word om voor die ouer „te bieg". Ouers hoef dus nooit te voel dat hulle gefaal het as hulle kinders 'n ander vertroueling (predikant, onderwyser, dosent, vriend) buite om soek nie.

Dit is daarom die roeping van pastores om hulle in te span om die vertroue van die jeug op 'n eerlike manier te wen- die jeug laat hulle nie vang met koue pampoen nie.

2. **Die jeug kom met gemaskerde probleemstellings.**

By kommunikasie sal die jeug dikwels aanvanklik met 'n oppervlakkige probleem na vore kom, omdat hy **vrees** om in sy regte probleem in te dring of omdat hy **nie** seker is dat die pastor sy probleem sal begryp of simpatiek sal bejeën nie.

As die pastor nie deur die oppervlakte na die diepte kan dring nie, sal die jeugdige die gesprek daar afsluit en geen aansluiting sal later gevind kan word nie. As die jeugdige effens oopgaan, al is dit met 'n teoretiese kwessie, moet die pastor die wysheid beoefen want van die hantering daarvan hang af of hy verder sal inloop deur die geopende deur en of die deur sal toegaan.

Hierdie gemaskerde probleemstelling moet ook gewyt word aan die jeug se **gebrek aan selfdeurgronding en geïntegreerde insig** in sy eie probleme.

Die masker is dat die jeug met die eintlike probleem vlug in die debat oor selfopgeworpe objektiewe en akademiese vrae. Hy werk met teorieë, vaaghede, veronderstellings en generalisasies. Die pastor moet kan deurdring na die subjektiewe aspek van die probleem. Na die persoon en sy belewingswêreld. Dit is alleen moontlik as die **pastor slaag om 'n verhouding met die besondere jeugdige op te bou.** Sonder die verhouding sal daar geen rapport,

gemeenskap en dialoog in die ware sin van die woord tot stand kan kom nie. Dít is vasgestel dat 'n jongmens die situasie van leegte en kontakloosheid beantwoord met 'n reservering van sy totale persoon en dat hy met 'n verbasende intuïsie verhoudingsvorming kan aanvoel.

In hierdie verhoudingsvorming is die volgende van belang: **aanvaarding** van die jongmens en sy probleem, dit is simpatieke begrip. **Deelname** aan sy nood, sonder goedkeuring of afkeuring. Dus, die volle krag van **medemenslikheid** soos verdiep deur die geloof, slaan met die liefde die brug na die ander mens; die **balans tussen afstand en nabyheid.** Die te grote intimiteit en betrokkenheid skaad die pastorale verhouding, sowel as 'n afsydige opwerping van die afstand. Die pastor moet nie vriend word nie, maar medemens in dialoog wat die jongmens laat voel dat hy beskou word as 'n **waardige en ernstige gesprekgenoot.** Die rolverdeling in dié verhouding is dat die pastor die ouere, rypere verteenwoordiger van wysheid, geloof en oorwinning moet bly. Die verhouding wat gebaseer is op ligte skerts of vereenselwiging met die taal, uitdrukkings, grappies ens. van die jeugdige, het geen vatbaarheid vir 'n pastorale verhouding nie.

### 3. Die jeug skram weg van outoritêre benadering.

Algemene instemming is by alle skrywers wat oor diè onderwerp geraadpleeg is, gevind, nl. dat die gesagsbenadering groot weerstande by die jeug oproep. Dit is 'n **natuurlike reaksie,** want die jeug word gemotiveer deur die emansipasiestrewe, die konformisme met ander, minderwaardigheids- en skuldgevoelens en die soeke na selfbepaling. Die outoritêre optrede en reëling beleef hy as 'n aantassing van sy vryheid en 'n terugwerping in, wat hy beleef, as die vernedering van afhanklikheid. Die gesagskrisis van ons tyd verskerp hierdie reaksie nog verder. Intussen is opstand teen gesag en selfhandhawing onderdeel van menslike gebrokenheid.

Volwassenes, w.o. die pastor, is geneig om in hulle magte**loosheid** teenoor die opstand en ontsporings van die jeug, **terug te gryp na 'n gesagshantering** deur onder andere die volgende: dwingend die norm af te forseer; verkleinerend oor hom heen te loop met outoritêre beslissings; te moraliseer, waardeur uitwendige gedragskodes, sonder motivering, op wettiese wyse oorgedra word; te skematiseer, waarin die individuele moment van die spesifieke jeugdige ten opsigte van 'n spesifieke norm, in 'n spesifieke situasie, genegeer word; met „wyse adviese", in te gryp sonder om die jeug 'n keuse te gee om die advies te oorweeg.

Omdat hierdie hantering veral in die ouerhuis geskied, moet die pastor anders optree, as hy sy beeld as biegvader en raadgewer nie wil verloor nie.

**Is die alternatief 'n laat-maar-loop beleid?** Juis nie, want die jeug voel onseker; hulle het 'n behoefte aan riglyne; gesagsleiding word hoog deur hulle aangeslaan, want die „sterkman" en nie die swakkeling, is hulle ideaalbeeld.

Die antwoord is **positiewe gesagsleiding**. Hieronder verstaan ek die volgende: **simpatieke begrip** van sy gevoelens en sy situasie; '**n dialogiese besinning** oor die probleem in kwessie wat hom in die dialoog erken en tot sy reg laat kom. Alle **moralisme, skematisme** en **monologisme** moet **vermy word**; die norm of die beslissing wat geval het, te **interpreteer** en op **nie-direktiewe wyse** die jeugdige te bring tot **insig in die sin en ratio van die norm wat gestel is**; hom te **oorreed tot navolging** met argumente wat op **ware beginsels gegrond is; teregwysing** en vermaning so in te klee dat dit **nie terugslaan op wat reeds verby is nie,** maar toekomsgerig is.

Korreksie moet altyd plaasvind in die **sfeer van die liefde,** want geen oordeel is so insnydend as die oordeel van die liefde nie. Dit moet skuldbesef van binne losmaak, want as die vermaning van buite skuld oplê sonder om innerlike skuldbesef wakker te maak, het dit geen doel gedien nie.

Pastores moet nie gespanne raak in 'n gesagskonflik met die jeug nie. Dan word teruggeval op selfhandhawingspatrone wat alleen groter weerstand prikkel.

4. **Die jeug wil geen objektiwisme.**

Die te objektiewe aanpak van sy probleme het geen ontmoetende en toesprekende krag vir die jeugdige nie. Hieronder val veral die neiging tot agogie waaronder verstaan word die objektiewe stelling van die norm of ideaal en die abstrakte en teoritiese formuleringe.

Die beste aansluiting word gevind deur middel van die volgende :

Invoeling as die meegaan in die belewingswêreld van die jeugdige, sodat daar inlewing is in sy innerlike oriënteringskema en selfverplasing is in sy situasie. Die pastor moet die probleme benader vanuit die jeugdige se visie, woordeskat en probleemstelling.

Die **subjektiewe ervaring** van die probleem moet meer onder oë gesien word in plaas van objektiewe inligting te gee.

**Aktualiteit** en **konkreetheid** moet nagestrewe word. Tradisio-

nalistiese antwoorde en denkpatrone sonder prinsipiële begronding het geen grypkrag meer nie. As daar by ons tyd verby gepraat word, kan diepsinnige en waar dinge gesê word, waaraan "the man on the spot" niks het nie. Daar moet 'n instelling wees op die konkrete en bereikbare, want die moderne jeug soek die voor-die-hand-liggende. Sonder die noue identifikasie met die lewe en die subjek, bly die waarhede van die Woord vir die jeug abstraksies. Die jeug word geraak as ons daarin slaag om die Christelike lewens- en wêreldbeskouing te aktualiseer in plaas van te verintellektualiseer.

**5. Die jeug het 'n weerstand teen minimalisering.**

Vanuit ons rypere ervaring is ons geneig om jeugprobleme af te maak deur dit te minimaliseer. Inderdaad is baie van hulle probleme van kleine omvang. Die feit is egter dat hulle dit as lewensontwrigtend en verwarrend ervaar en dat hulle van molshope berge kan maak — as ons van die „berge" molshope maak, sal ons as pastores verwerp word. Dit tas hulle gevoel van eie waarde aan. Hulle voel vernederd. Dit versterk die stereotipe dat hulle nié begryp word nie.

'n Ander vorm van minimalisering is die ontvlugtingsakrobatiek van pastores. Vrae wat gestel word, word ontduik deur veralgemenende en simplistiese antwoorde.

Hulle word weggestuur met 'n teologiese kluitjie in die riet.

Wees altyd eerlik-ook oor jou eie onkunde en twyfel.

Neem die jeug altyd ernstig in hulle vrae en probleme.

En moet nie uitgaan van die standpunt dat ons elke probleem moet oplos nie en vir elke vraag 'n antwoord gereed moet hê nie.

Ek-weet-nie is vir die jeug meer bevredigend as dit 'n eerlike belydenis is, as, ek-maak-of-ek-alles-weet, wat gedra word deur handhawing van eie outoriteit.

> As die jeugweerstande nie oorwin word nie en positief gehanteer word nie, sal die jeugpastoraat nooit daarin slaag om waarlik indringend die jeug te lei en te begelei nie. Die benadering van die jeug, in die algemeen en in die ontmoetingsituasie, is van deurslaggewend betekenis.

## J E U G G R O E P

Die pastoraat is veral gerig op die individu.
Daarom het ons sover aandag geskenk aan die pastorale versorging van die jeugdige enkeling.

Die jeuggroep is egter ook 'n pastorale situasie, veral weens die feit dat die jeugdige tendeer na 'n groepsgebondenheid. Daarom is dit so noodsaaklik om die jeuggroep pastoraal so te manipuleer, dat die enkeling hom maklik en graag wil identifiseer met die kerklike jeuggroep.
Onder hierdie afdeling word aangehaal uit 'n ander publikasie van die skrywer.[15])

1. **Jeugversorging.**

Hieronder word verstaan dat die bediening van die Kerk in al sy dele onder andere 'n jeugtoespitsing moet ontvang.

Moet daar aparte preke vir die jeug wees? Die pleitbesorgers wys op die behoefte by die jongmense om saamhorigheid te vind in eie groepsverband. Sodanige jeugdienste sal met 'n sterk liturgies-geaksentueerde styl die jeug besonder toespreek.

Besware teen hierdie vorm van spesialisasie is dat die eenheid van die gemeente en van die gesinne verbreek word en dat hierdie aparte behandeling lei tot selfoorskatting. Die noodsaaklikheid word ook betwyfel aangesien die probleme en sondes van die jeug nie iets só heel spesiaal is, dat dit nie in elke preek vanself aan die orde kom nie . . . Jeugdienste wil ek afwys, maar jeugpreke wil ek aanprys. Benewens die geleenthede soos die belydenisdiens en skoolopening, bied vele Bybelgedeeltes en kategismusafdelings uitnemende geleenthede vir spesiale jeuggerigtheid in die prediking. Veral in gemeentes waar 'n groot aantal jongmense gehuisves word is dit noodsaaklik om een of twee dienste per maand so te beplan dat die Woord op die jong mens se lewe gefokus word. Vereenvoudigde saamvattings van die preek kan ook ter wille van die kinders in die toepassing gemaak word.

Spesiale voorbidding in die erediens vir die jeug moet nie deur die „grootmens-dominee" vergeet word nie. Die herderlike

---

12. In dié verband kan die volgende werk met vrug geraadpleeg word: Scorer, C. G.: The Bible and Sex ethics today, London, Tyndale Press, 1966.
13. **Ibid.** p. 160 - 162.
14. Benewens eie ervaring is die stellings in dié afdeling gesteun deur o.a. die volgende: Verskillende bydraes deur pastoraalpsigoloë in die tydskrif **Pastoral Psychology,** Vol. 15, No. 147, Oktober 1964; Narramore C. M.: The psychology of counselling, Grand Rapids, Zondevan Publishing House, 1964 p. 133 - 159; Von Goessel, H. H.: Jong zijn is troef, Blaricum, Bigot, s.j.: Booy, T.: Kerk en Jeugd, Amsterdam, ten Have, 1951. Beets, N.: Volwassen worden, Utrecht, Bijleveld, 1961.
    Vgl. de Klerk W. J.: Die Pastorale gesprek. Ongepubliseerde Th.M. skripsie, P.U. vir C.H.O., 1964; Rousmart, die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare, „Die Evangelies", P/a. Boekhandel de Jong, posbus 31422, Braamfontein, Johannesburg, 1968, veral pp. 165 - 175; 215 - 241.
15. De Klerk, W.J.: Wending, Potchefstroom, Pro Rege 1964, p. 118 e.v.

bediening moet veral op die jeug konsentreer. Dit sluit die volgende in: die huisbesoek moet in die gesinsverband ook tot die kinders en jongmense gerig word, só dat 'n spesiale woord en belangstelling vir hulle afgesonder word; waar nodig, veral in gevalle van kinders in die puberteitsjare en vroeë adolessensie is 'n aparte gesprek noodsaaklik omdat dié kinders behoefte het aan leiding en baie vrae op hulle aanstorm.

Hulle sal hulle in die gesinsverband nooit ontsluit nie. Hierdie alleengesprekke kan só gereël word dat die kinders besoek kom aflê by die pastor; die predikant moet met al sy senior katkisante 'n afsonderlike pastorale kontak maak sodat hy die vertroue van die jeug wen en die allernouste kontak met hulle kweek en bewaar. Die katkisasie moet ook sterk pastoraal gestem wees, sodat dit nie versmal tot blote kennisoordrag nie, maar tot 'n ontmoeting waar geleentheid tot openhartige diskussie gebied word.

## 2. Jeuginskakeling.

Die uitgangspunt is dat die gemeente 'n eenheid is, vergader deur die Heilige Gees en saam verbind in één kudde. Daarom het ons besware teen jeugdienste, 'n afsonderlike jeugkerk en 'n oorbeklemtoning van die apartheid van die jeug. Ons wil nie „kerkies" binne die kerk skep nie. Maar soek ons in die praktyk werklik die eenheid van die gemeente? As die jeug in die gemeente geen taak het nie, as die kinders nie ingeskakel word in gemeentelike aktiwiteite nie, as die prediking en herderlike arbeid die jeug prakties ignoreer, dan word hierdie een helfte van die gemeente as 'n onvolwasse aanhangsel behandel en kan ons tog nie met 'n vrye gewete beweer dat ons die eenheid van die gemeente voorop stel nie. Die uitgangspunt: die eenheid van die gemeente, eis immers dat aan die jeug 'n spesifieke plek in die eenheid gegee moet word.

Elke persoon en groep in die gemeente moet deur bearbeiding en kanalisering gebring word tot ontplooiing en belewing van die eenheid. As ons die jeug aktief inskakel kom die eenheid van die gemeente tot uitdrukking en word groepsvorming teengewerk, die jeugdige wil en neiging om te doen word gekanaliseer, die kuddevorming word bevorder en die jeug word gekweek vir kerklike diens. Hulle word ingeskakel as lede van die gemeente onder leiding van die kerkraad vir onder andere die volgende hulpdiens: Bybelverspreiding onder nie-blankes; leiding in verband met 'n sendingjeugvereniging; evangelisasie-lektuurverspreiding en algemene boekverspreiding; werwing van intekenare op kerklike en Christelike publikasies; algemene administrasiewerk; vervoerdienste na die eredienste vir mense wat oor geen vervoer beskik nie;

Baba-oppasdienste by die erediens; allerlei besoekwerk by jeugdige afvalliges, bejaardes ens.; hulpdiens aan die diakonie; die versorging van die kerktuin . . . alles onder leiding van 'n kerkraadskommissie wat die projekte beplan en die werk verdeel en kontroleer.

### 3. Jeugbeweging.

Allereers dié uitgangspunt; die jeugbeweging is 'n vereniging op maatskaplike terrein. Dit mag egter nie beteken dat met die kerkraad alle verband opgesê word nie. In praktyk is dit tog maar die jeug van die eie gemeente wat lede is. Derhalwe is leiding, belangstelling en wisselwerking tussen die kerk en sy jeugvereniging gebiedend noodsaaklik deur desnoods 'n ouderling spesiaal af te sonder vir die taak, sonder om daardeur die selfstandigheid van die jeugvereniging aan te tas.

Die volgende stap is om die studieklem van die jeugvereniging anders in te rig. Ons kan nie net 'n Nederlandse kopie maak nie, want ons omstandighede verskil. Ons jeug is nie deur die klimaat binnenshuis gedwing nie en derhalwe is studiegeleentheid skaarser. Ons volksaard is ook anders- ons is nie so polemies aangelê nie en daarom kan ons nie warm word oor allerlei kwessies nie. Die gevolg is dat die „studie" dikwels halfgebak is, sonder indringende kennis en inspirasie. Dit mag waardevol wees vir die persoon wat die voorbereiding gedoen het, dit mag hom vrymoedigheid vir optrede gee, maar dat die doel, naamlik vorming, dikwels misgeslaan word, is 'n uitgemaakte saak. Die studie-onderwerpe en metodiek is dikwels so swewend dat dit die meeste van die lede nie boei nie.

Ek het gelees van die volgende formulering van die J.V. se doelstelling in Nederland : „ . . . jongeren in dienst van Jezus Christus in en door het groepsverband te vormen tot het aanvaarden van de Christelijke verantwoordelijkheid op alle levensterreinen". Hier val die klem op vorming tot diens. Só gesien, is die raakpunt van die studie die toerusting tot die amp van die gelowige. Dit verban die intellektualisme, dit red ons jeugvereniging van die eng grense van studie of debatsvereniging en dit rig die studievorming na buite, na taakaanvaarding, na verantwoordelikheid en keuse.

My ideaal vir die jeugbeweging is dan die vorming van denke, wil en gevoel vir die daadwerklike indiensneming in die koninkryk van God. Die verwerwing van kennis bly nog doel, maar dan moet dié kennis vrugbaar aangewend word om die groot lewensdrang van die jeug te bevredig — die daad.[1]) Dan word die studie toe-

gespits op die probleme van die dag en die jeugbeweging word 'n „kweekskool" om die tekorte aan mannekrag in die Kerk aan te vul. Iets soos „kursusse" kan aangebied word in : al die vertakkinge van evangelisasiearbeid; sendingarbeid; Christelike maatskaplike aksie . . . die kerkraad gee dan die opening om hierdie „opgeleides" te aktiveer en te gebruik. Die jeug moet die vooruitsig hê om na studie gesamentlike inisiatief te neem om hulle kennis met die daad in die praktyk te gaan toepas en so in hierdie leerskool verder gevorm te word — dit is die „operational approach" van die Amerikaners.

In die katkisasies ontvang hulle die algemene agtergrond, in die jeugbeweging kom die spesialisasie na die behoefte van ons tyd. Nog 'n aspek vir die vernuwing van ons jeugbeweging is die doeltreffende groepsvorming. Die groep is meer as die som van sy dele en slaag daarin deur eienaardige psigiese kragte, om die lede te besiel met 'n „ons belewing" wat die ego-instink laat verdwyn en 'n gevoel van saamhorigheid en lojaliteit prikkel — só dat dinamiek, oorgawe en entoesiasme soos 'n groot warm vreugde die lede stimuleer.

Dit is duidelik dat allerlei ou patrone van die werk nie meer gebruik kan word nie en dat ons, met behoud van die saak, hierdie jeug wat veel moeiliker in verenigingsverband te organiseer is, wat 'n mindere band aan die verlede het, en minder by die algemene en meer by die besondere leef as vorige geslagte, weer op 'n ander wyse moet benader. Daar is tye waarin opnuut gesaai moet word en nuwe metodes toegepas moet word.

> Die jeugpastoraat gee baie en vra baie.
> Dit is saaiwerk wat later die oes voller maak.
> Beplanning, inspanning, volharding, geduld en
> selfverloëning is in hierdie werk onontbeerlik.
> 'n Buigsaamheid van gees, 'n dienswilligheid en
> openheid, optimisme en eerlikheid is die energie
> wat hierin belê moet word.
> Geloof in die Goeie Herder wat deur ons swakke
> pogings sy lammers laat wei, is die diepste
> kragbron vir die pastor, die onderwyser, die vader
> en moeder en die jeugleier.
> Terwille van leiding en begeleiding van die jeug;
> terwille van die motivering van die jeug tot diens
> en handhawing van ons belydenis; terwille van die
> ontwrigte tye; terwille van die ontmoeting en medemenslikheid, moet ons steeds die jeugpastoraat
> beleef as ons verantwoordelike opdrag.